

Word wyser. Doen dit op die Here se manier

Wysheid kom met die grysheid. So sê die ou spreekwoord. Spreuke 16:31 sê juis dat grys hare soos 'n kosbare kroon is vir mense wat weet hoe om reg te leef. Soms daag grysheid egter alleen op sonder al die nodige wysheid. Party mense word nie mooier ouer nie. Hulle raak sommer net omgesukkeld. Hulle is nukkerig en ongepoets. Hulle sê wat hulle wil, wanneer hulle wil. Hulle skryf venynige briewe in koerante. Hulle kritiseer alles en almal van vroeg tot laat. Sulke bitterheid gebeur nie oornag nie. Dit kom 'n lang pad. Party kwaai jongmanne verander algaande in knorrige ou ooms. Sommige moeilike dames ontaard in selfgesentreerde tannies.

Goddank, daar is massas mense wat wyser word saam met die jare. Hulle geloof raak sterker en dieper. Hulle paai saam met die Here word mooier. Daar kom 'n groter rustigheid in hulle lewe wat aansteeklik is. Ek dink dadelik aan 'n paar ouer vriende in my eie lewe by wie ek gedurig leer. 'n Paar van hulle het heelbo aan die leer van die lewe op hulle speelveld opgeëindig, maar dit het nie hulle identiteit geword nie. Hulle groot suksesse op sakegebied of in die akademiese wêreld is lankal nie meer die somtotaal van hulle bestaan nie. Ek leer by hulle dat die lewe op die ou einde gaan oor 'n diep vrede oor wie jy in die Here is. Oor jou daar wees vir jou familie en vriende. Jaag die regte dinge betyds na. Soek die Here se wysheid gedurig op. Dan betrap die ouderdom jou nie onkant nie. Dan word jy wyser, terwyl jy ouer word. Dit is God se wil.

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- *Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here
- *Bid vir Lottie Conradie & familie vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- *Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here
- *Bid vir Ria Putter vir volle herstel
- *Bid vir Hennie v Aswegen vir genesing van sy voete
- *Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- *Bid vir Gerda Jansen vir volle herstel
- *Bid vir Tannie Bets-vir nabyheid van die HERE
- *Bid vir Gerda Nel-vir volle genesing
- *Bid vir Vionette Forster vir volle herstel
- *Bid vir Monica (Hantie Terblanché) se dogter-sy het kanker
- *Bid vir mense wat COVID het – daar is nou weer baie gevalle
- *Bid vir families wat geliefdes aan die dood afgestaan het

Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN

WAT JULLE OOK AL DOEN,
doen dit van harte
SooS vir die Here
KOLLOSSENSE 3:23

Moenie
probeer om God
se hand
vas te hou nie.
Laat Hom
joune vashou.
Hy doen die
hou-werk
en jy die
vertrou-werk



Gedagte vd week

DOEN NIKS

wat jy nie wens GOD moet sien nie;

SÊ NIKS

wat jy nie wens GOD moet hoor nie;

SKRYWE NIKS

wat jy nie wens GOD moet weet nie;

GAAN NÊRENS

waar jy nie graag deur GOD gevind wil word nie

MOENIE 'N BOEK of ENIGE IETS LEES

wat jy nie met vrymoedigheid aan die HERE kan wys nie;

BESTEE JOU TYD

op so 'n manier dat jy nie skaam sal wees om 'n antwoord te gee as die HERE jou vra:

"WAT DOEN JY?"

Onthou om te onthou . . .

Byvoorbeeld baie dankie vir jou dankoffer . . .

ABSA Sasolburg; Tjek Rekening

Rekno.: 0520580654

Takkode: 632005